03/91

430. E5. 2.1

F W DE KLERK - DIE MAN EN SY TYD

DEUR WILLEM DE KLERK

'n RESENSIE DEUR F VAN ZYL SLABBERT

Drie van die hoofstukke maak hierdie boek koopbaar. Die ander twee, amper nie. Die eerste twee, te wete, "Die Steil Trap" en "Die Keerpunt" boei, en bevat vars insigte/inligting. Dit is van belang om te weet wat die aard van die geestelike/politieke sprong is wat F W de Klerk en die Nasionale Party gemaak het, en veral wat die motiverings en insigte was wat by F W de Klerk self in hierdie verband getel het. Die feit dat sy ouer broer, Willem, hieroor skryf en inlig, gee 'n intimiteit en geloofwaardigheid wat enig is. Willem self is 'n bedrewe verteller en 'n bekende politieke figuur - 'n "verligte maverick" in die snoerige binnekringe van establishment politiek. So nou en dan het hy selfs buite die grensdrade van hierdie politieke werf gedraf en blaf van onsteltenis, maar nou "is die twee broers weer binne dieselfde politieke denkraamwerk" (p.155) en kan die

leser 'n besondere kykie verwag op wat alles met die broers de Klerk gebeur het. Om hierdie redes, en 'n paar ander, sal die boek verkoop en hoort dit so.

Die laaste hoofstuk "Die Pad Vorentoe", het die besondere verdienste dat dit die problematiek van ons oorgangspolitiek ernstig opneem en poog om dit analities aan te spreek. Deesdae gebeur dit te min tussen al die slagspreuke en politieke pronkery wat bedingingspolitiek oorheers. Die probleme wat Willem de Klerk in hierdie verband stel is grondig en sal beslis die hoof gebied moet word as daar realisties gepraat gaan word oor vordering op die pad van ons oorgang.

Maar dan kom mens by daardie ander twee hoofstukke : "Die Wegbereiders" en "Die Profiel". Eersgenoemde wil vir ons vertel wat alles vir F W die pad voorberei het, en laasgenoemde wie "F W de Klerk die man" nou eintlik is. Altwee hoofstukke laat my verlee voel, asof ek 'n gewaardeerde vriend in 'n oomblik van onwaardigheid betrap het. Sulke tye kyk ons gewoonlik oor mekaar se skouers en maak of niks gebeur het nie. Maar nou kan dit nie.

Willem de Klerk skryf oor politieke verandering en die kragte wat dit bewerkstellig het met 'n teleologiese <u>nie</u> teologie, (e.g. om die hede met die toekoms te verklaar), optimisme wat grens aan die naiewe. Daar is 'n eskatologiese hupsheid in sy siening oor hoe F W tot sy sinne of insigte gekom het. Soms oorspan 'n kwasi Bybelse retorika die geloofwaardigheid, bv. Apartheid het "gedisintigreer oor <u>sewe</u> sondes wat die beleid verteer het"

(p.67) en op ons pad voorentoe gaan De Klerk en die ander leiers "gevang wees in sewe kragte wat van dag tot dag" die politiek gaan bepaal (p.174). So sal ons in 'n onderhandelings proses betrek word met vier fases en vyf subfases" (p, 183 en 184). Alles word amper 'n Afrikaner "Pilgrim's Progress". Hierdie numeriese indelings kom nie van die retrospektiewe afleidings van 'n leser nie, hulle word in die teks aangekondig met 'n profetiese deklamasie. 'n Mens voel half bang om te vra : Hoekom sewe sondes en kragte en nie twee of vyf honderd of soveel soos jou analitiese vermoe help identifiseer nie? Weet ouboet Willem miskien iets wat ons gewone ouens besig is om mis te kyk?

Dit is egter in "Die Wegbereiders" hoofstuk waar hierdie teleologiese tema tot sy volle reg kom. Kortom, daar "was 'n weg" en dit moes "voorberei word". Dit kos nie heelwat tussen die lyne lees om agter te kom dat Outboet Willem die Vreeslose Voorloper en Politieke Doper moes wees vir Kleinboet FW se koms nie. Die "Verligte Beweging" was die spul waarom dit eintlik alles gedraai het, en FW het hieroor "wakker gele" (p. 24) en was hieroor "baie onstel" (p.112). Dit het natuurlik in ouerhuis begin pla "want broer Willem het Pa Jan en broer FW gekonfronteer met verligte politiek, wat tot vurige debatte gelei het". (p.153) In kort, Willem se metodologiese raamwerk wil dit he dat :

(a) tussen die "sewe sondes" van Apartheid; en
(b) die "sewe kragte" van verandering;
(c) die "verligte beweging" onder Afrikaners met broer Willem as 'n hoofsegsman;

(d) 'n Opposisie links van die NP laat ontwikkel het, wat
(e) FW as't ware moreel en praktiese gedwing het om Suid-Afrika
(f) in 'n bedingingsproses met "vier fases en vyf subfases" in te lei tot 'n demokratiese eindpunt.

Ag nee wat !

Die hoofstuk oor "FW die mens" met die opskrif "Die Profiel" maak Willem self 'n slagoffer van die "stralekrans" effek waarteen hy waarsku. Die nugtere en self kritiese Staatspresident word so oorlaai met elke denkbare deug dat selfs die huiwerige uitwys van moontlike ondeugde slegs die onvoorstelbare deugdelikheid onderstreep. Na die lees van die vorige hoofstuk oor "wegbereiders", hou mens aanmekaar vra : Hoekom prys Ouboet vir Kleinboet so? Dis mos nie nodig nie. F W de Klerk se plek in die geskiedenis staan geskryf. Kan 'n mens dit beter stel as Willem in die slot-sin van die boek "In die allenheid wat verantwoordelike keuses aan 'n mens opdring, het hy - met ontsaglike risiko's die teerling gewerp." Hier le die begin van die skeiding tussen politikus en Staatsman. Basta verder met "profiel".

Ter afsluiting : Die boek is nuuswaardig en interresant. Maar, gegee ouboet se vertel vermoens en kleinboet se prestasies, verdien die leser meer as hierdie verspeelde geleentheid. Dit is te haastig geskryf. Daar is "sewe redes" waarom dit gebeur het, maar dis 'n ander storie.